kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Huis toe, om waarlik geken te word

Skriflesing: Psalm 139:1-6 en Markus 5:21-34

Broodjies vir die pad

Sossusvlei

Waar Sossusvlei se duine
in perfekte konkawe en bruine
'n stukkie
van ons Namibland versier
uit woestynsand
perfek in
met skerp rûe gekerf
deur die wind
met duinstrate vaal
en vlaktes kaal
'n droë pan of twee
waar God net soms
oorvloed van water gee
waar doringboom
deur die jare geskool
sy vog diep uit die
dorre aarde drink
staan daar op gryswit vlaktes
die trotse, fiere dier
hier trap hul hul spore jare lank
sonder om die natuur
vermink te laat

hier tuur hul na die mens
die een wat volgens God se wens
dit alles moes bewaar
maar so oneindig faal
oorleef hul van die weiding
soms mildelik
soms skraal

het geen ander sorge
as die mens

want God voorsien
mildelik
vir elke maal ...

Marsofine Krynauw

"When you have once seen the glow of happiness on the face of a beloved person, you know that a man can have no vocation but to awaken that light on the faces surrounding him. In the depth of winter, I finally learned that within me there lay an invincible summer."
— Albert Camus

The verb reading, like the verb to love and the verb dreaming, doesn't bear the imperative mode. I always advised to my students that if a book bores them leave it; That they don't read it because it's famous, that they don't read a book because it's modern, that they don't read a book because it's antique. The reading should be one of the ways of happiness and nobody can be obliged to be happy."
— Jorge Luis Borges

"I want to know you moved and breathed in the same world with me."
— F. Scott Fitzgerald, The Short Stories of F. Scott Fitzgerald

"I recognize that I love—you—by this: that you leave in me a wound that I do not want to replace."
— Jacques Derrida, The Post Card: From Socrates to Freud and Beyond

"When you look at some faces, you can see the turbulence of the infinite beginning to gather to the surface. This moment can open in a gaze from a stranger, or in a conversation with someone you know well. Suddenly, without their intending it or being conscious of it, their gaze lasts for only a second. In that slightest interim, something more than the person looks out."
— John O'Donohue, Anam Cara: A Book of Celtic Wisdom

"I cannot live with someone who can't live without me."
— Nadine Gordimer, The Quotable Gordimer; or, The Wit and Wisdom of Nadine Gordimer

"When over the years someone has seen you at your worst, and knows you with all your strengths and flaws, yet commits him- or herself to you wholly, it is a consummate experience. To be loved but not known is comforting but superficial. To be known and not loved is our greatest fear. But to be fully known and truly loved is, well, a lot like being loved by God. It is what we need more than anything. It liberates us from pretense, humbles us out of our self-righteousness, and fortifies us for any difficulty life can throw at us."
— Timothy Keller, The Meaning of Marriage: Facing the Complexities of Commitment with the Wisdom of God

"And yet I have had the weakness, and have still the weakness, to wish you to know with what a sudden mastery you kindled me, heap of ashes that I am, into fire."
— Charles Dickens, A Tale of Two Cities

"The one thing parents can do for their children is live their lives as fully as they can, for this will open the children's imagination, grant permission to them to have their own journey, and open the doors of possibility for them. Wherever we are stuck, they will have a tendency to be stuck also or will spend their life trying to overcompensate. Living our own journey as fully as possible is not only a gift to our soul, it also frees up the generation behind us to live theirs as well. The very freedom to live our lives that we

wished from our parents, we thereby grant to our children to live theirs."
— James Hollis, Living an Examined Life: Wisdom for the Second Half of the Journey

Ek plaas onderstaande essay deur Dana Snyman met voorbehoud. Ons mag oor sekere dinge ernstig verskil.
Die aanhaling help dalk:

"Judgment or blaming is not the point. Understanding is."
— Gabor Maté, Scattered: How Attention Deficit Disorder Originates and What You Can Do About It

Op Vadersdag gedagtig aan al dié ooms

Dana Snyman

My pa se dood 'n paar jaar gelede het my laat dink oor die ooms van die land – die ooms van die platteland en die voorstede. My mense se ooms. Die meeste al oorlede.

My pa was een van hierdie ooms. Hy het graag Grasshopper-skoene gedra wat hy met militêre bruin skoenpolitoer skoongemaak het, in sy broeksak was altyd 'n knipmes, en om sy pols 'n horlosie wat jy moes opwen. In sy hemp se bosak het hy 'n sakboekie en 'n Parker-pen gedra en sy hare het hy met 'n kantpaadjie gekam, selfs toe hy bles begin raak het.

Hy het al die jare as predikant plattelandse siele bearbei, maar dit het hom nie minder van 'n oom gemaak nie. Die ou plattelandse dokters was ook maar ooms – ooms in wit safaripakke, wat laatnag in 'n Mercedes 280S die distrik sou inry om na 'n koorsige kind te gaan omsien.

Van die ander ooms was bankbestuurders, stasiemeesters, posmeesters en stadsklerke. Polisiemanne. Plaasboere. Boormanne. Padskraper-bestuurders. Masjiniste.

Baie van hierdie ooms was meesters van vaardighede waaraan mettertyd al hoe minder 'n behoefte was: Hoe om 'n sweep te vleg, hoe om 'n klein hondjie se stert af te sny, hoe om 'n kind se wisseltand te trek, hoe om water met 'n mikstok aan te wys, hoe om 'n lemoen met 'n knipmes te skil.

Hulle kon die dele van 'n ossewa opnoem en het geweet presies wanneer om dahliabolle te plant. Hulle het hul rygoed self gediens.

In hul hangkas was 'n .303 of 'n Mauser. Ooms wat 'n bok geskiet het en geweet het hoe om dit af te slag en hoe om biltong te sny en dit aan stringe bloudraad tussen die balke in die motorhuis gehang het om droog te word.

Party kon soos 'n tortelduif fluit deur hul hande bak voor hul monde te hou. Ander het kinders vermaak deur hul valstande uit te haal en gesigte te trek. Een sou sy vinger na jou toe uithou en sê: "Kom trek gou my vinger." En trek jy die vinger, los hy 'n wind, en lag en lag.

Hulle was steeds kwaad vir die donnerse Engelse oor die konsentrasiekampe.

Hulle was nie vlekkeloos nie, hierdie ooms. Baie het gestem vir landswette wat onmeetbare pyn en swaarkry vir ander gebring het. Hulle het kerklike tug uitgeroep oor mense wat dalk eerder naasteliefde nodig gehad het. Party het 'n skelm bottel brandewyn in die gereedskapskis aangehou, en ander het hul naaste se vrou en se os en se esel begeer.

Kortom: Hulle was alte menslik. Hulle was trots en hardwerkend. Hulle was spaarsamig. Hoe ouer hulle geword het, hoe meer het hulle vertel hoe hulle as kind kaalvoet deur die ryp skool toe gestap het. Die werkinge van hul hande is oral in die land te sien. Hulle het saans vroeg gaan slaap en soggens vroeg opgestaan.

"Móét pa's dan sterf om vir hul seuns te lééf?" vra Hennie Aucamp in sy kortverhaal "Die nag van die ooms".

Miskien is Aucamp reg. Môre, op Vadersdag, sal ek aan oorlede Pa en aan dié soos hy dink.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/op-vadersdag-gedagtig-aan-al-die-ooms-20210618-2

Brood vir die pad

Beeldhouer se 'Hand van God' wys sorgsame mag

RRV

Onlangs het ons die voorreg gehad om 'n besonderse tentoonstelling van die werk van die Suid-Afrikaanse beeldhouer Jackson Hlung-wani by die Norval-stigting in Kaapstad by te woon. Hlungwani (1923-2010) se beelde is meestal uit hout gekerf en weerspieël sy Tsonga-erfenis en Bybelse motiewe.

Een van die werke wat veral tot my gespreek het, is 'n beeld van 'n regop pols met 'n groot hand wat dwars gedraai is en bak gehou word, met duidelike vingers wat die tekstuur van die hout volg. Dit heet *Die hand van God*.

Hierdie titel het my laat dink aan die Franse beeldhouer Auguste Rodin se gelyknamige werk.

Of eintlik meer spesifiek aan 'n toneel uit Nikos Kazantzakis se roman *Zorba the Greek*. Ná 'n gesprek met Zorba onthou die verteller van 'n keer wat hy op 'n kunsuitstalling na Rodin se bronsbeeld *Die hand van God* gekyk het.

'n Vrou het langs hom kom staan, opmerklik geraak deur die uitbeelding van 'n halfgeslote hand met 'n man en 'n vrou in die palm daarvan in 'n houding van worsteling en omhelsing.

Hoewel dit nie die verteller se gewoonte was nie, het hy nogtans vir die vrou gevra wat sy dink. Waarop die volgende dialoog volg:

"If only we could escape!" she murmured resentfully.

"And go where? The hand of God is everywhere. There is no salvation. Are you sorry?"

"No, love may be the most intense joy on earth. It may be. But now I see that bronze hand, I want to escape."

Rodin se beeld word dikwels beskou as 'n uitbeelding van die skeppingsproses, met die man en vrou as Adam en Eva onderskeidelik. Maar vir die vrou in Kazantzakis se roman het die beeld iets opgeroep wat sy met 'n verlies aan vryheid verbind het.

Die begeleidende kommentaar by Hlungwani se *Die hand van God* begin met 'n aanhaling: "Kyk, die hand van die Here is nie te kort om te verlos nie" (Jesaja 59:1). En dan word daar treffend bygevoeg dat die reuse-hand op so 'n manier bak gehou word dat dit lyk asof dit 'n vlammetjie beskerm wat pas aangesteek is. Hiervolgens simboliseer dié hand weliswaar mag, maar nie die soort mag wat verdruk en mense hul vryheid ontneem nie. Dit dui eerder op die sorgsame mag van die liefde wat aan weerloses en gekwestes hulp en geborgenheid bied.

Wat ook kan herinner aan die woorde uit Jesaja 42:3 oor die dienskneg van die Here: " 'n Geknakte riet sal hy nie afbreek nie, 'n dowwe lamppit nie uitdoof nie."

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardes-beeldhouer-se-hand-van-god-wys-sorgsame-mag-20210619

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877